# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Monday 18 May 1981 — WINDHOEK — Maandag 18 Mei 1981 — No. 4466

CONTENTS:

| GOVERNMENT NOTICE: | Page |
|---|---|
| No. AG. 60 Department of Transport: Deviation of a portion of trunkroad 15, section 1: District of Windhoek | 1 |
| No. AG. 61 Department of Transport: Deviation of a portion of district road 2306, proclamation and classification of a road and closing of district road 2305: District of Damaraland | 2 |

INHOUD:

| GOEWERMENTSKENNISGEWINGS: | Bladsy |
|---|---|
| No. AG. 60 Departement van Vervoer: Verlegging van 'n gedeelte van hoofpad 15, seksie 1: Distrik Windhoek. | 1 |
| No. AG. 61 Departement van Vervoer: Verlegging van 'n gedeelte van distrikspad 2306, proklamering en klassifisering van 'n pad en die sluiting van distrikspad 2305: Distrik Damaraland | 2 |

## Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 60 1981

### DEVIATION OF A PORTION OF TRUNK ROAD 15 SECTION 1: DISTRICT OF WINDHOEK

In terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, it is hereby made known that the Administrator-General has under the powers vested in him by section 22(1)(c) of the said Road Ordinance 1972, as amended, in the district of Windhoek deviated a portion of trunk road 15, section 1, proclaimed by Proclamation 36 of 1953, Proclamation 32 of 1956, Proclamation 15 of 1965, Proclamation 51 of 1973 and Government Notice 176 of 1976 and declared a trunk road by Government Notice 285 of 1977, to follow the course described in the Schedule hereunder and indicated on sketch-map P1089.

## Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 60 1081

### VERLEGGING VAN 'N GEDEELTE VAN HOOFPAD 15, SEKSIE 1: DISTRIK WINDHOEK

Ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, word hierby bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens die bevoegdheid aan hom verleen by artikel 22(1)(c) van genoemde Ordonnansie op Paaie, 1972, soos gewysig, in die distrik Windhoek 'n gedeelte van hoofpad 15, seksie 1, geproklameer by Proklamasie 36 van 1953, Proklamasie 32 van 1956, Proklamasie 15 van 1965, Proklamasie 51 van 1973 en Goewermentskennisgewing 176 van 1976 en tot hoofpad verklaar is by Goewermentskennisgewing 285 van 1977, verlê het na die loop soos beskryf in die Bylae hieronder en aangetoon op sketskaart P1089.

The said sketch-map is lying open to inspection during normal office hours at the office of the Secretary for Transport, Windhoek.

SCHEDULE

From a point (H on sketch-map P1089) on trunk road 15, section 1, on the farm Autabib Süd 100 generally south-south-westwards across the said farm to a point (G on sketch-map P1089) on the common boundary of the said farm and the farm Garib Ost 275; thence still south-south-westwards across the farm Garib Ost 275 to a point (E on sketch-map P1089) on the said trunk road 15, section 1, on the last-mentioned farm (approximately H-G-F-E on sketch-map P1089).

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 61 1981

DEVIATION OF A PORTION OF DISTRICT ROAD 2306, PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD AND CLOSING OF DISTRICT ROAD 2305: DISTRICT OF DAMARALAND

It is hereby made known —

(a) in terms of subsection (2) of section 22 of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) as amended, that the Administrator-General has under subsection (1) of the said section 22 in the district of Damaraland —

(i) deviated a portion of district road 2306 as described in Schedule I and indicated on sketch-map P1080;

(ii) declared the road, described in Schedule II and indicated on the said sketch-map as a private road to be a proclaimed road;

(iii) closed district road 2305 as described in Schedule III and indicated on the said sketch-map;

(b) in terms of subsection (3) of section 23 of the said Roads Ordinance 1972 that the Administrator-General has under subsection (1) of the said section 23 declared the proclaimed road referred to in paragraph (a)(ii) to be a district road (number 2306).

The said sketch-map is lying open to inspection during normal office hours at the office of the Secretary for Transport, Windhoek.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE

Van 'n punt (H op sketskaart P1089) op hoofpad 15, seksie 1 op die plaas Autabib-Süd 100 algemeen suidsuidweswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (G op sketskaart P1089) op die gemeenskaplike grens van genoemde plaas en die plaas Garib Ost 275; van daar steeds suidsuidweswaarts oor die plaas Garib Ost 275 tot op 'n punt (E op sketskaart P1089) op genoemde hoofpad 15, seksie 1, op laasgenoemde plaas (by benadering H-G-F-E op sketskaart P1089).

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 61 1981

VERLEGGING VAN 'N GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 2306, PROKLAMERING EN KLASSIFISERING VAN 'N PAD EN DIE SLUITING VAN DISTRIKSPAD 2305: DISTRIK DAMARALAND

Dit word hierby —

(a) ingevolge subartikel (2) van artikel 22 van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) soos gewysig, bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens subartikel (1) van genoemde artikel 22 in die distrik Damaraland —

(i) 'n gedeelte van distrikspad 2306 verlê het soos beskryf in Bylae I en aangetoon op sketskaart P1080;

(ii) die pad beskryf in Bylae II en aangetoon op genoemde sketskaart as 'n private pad, tot 'n geproklameerde pad verklaar het;

(iii) distrikspad 2305 gesluit het soos beskryf in Bylae III op genoemde sketskaart;

(b) ingevolge subartikel (3) van artikel 23 van genoemde Ordonnansie op Paaie, 1972, bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens subartikel (1) van genoemde artikel 23 die geproklameerde pad, bedoel in paragraaf (a)(ii), tot distrikspad (nommer 2306) verklaar het.

Genoemde sketskaart is gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, ter insae beskikbaar.

## SCHEDULE I

From a point (K on sketch-map P1080) on district road 2306 on the farm Okombahe Reserve 139 generally southwards across the said farm to a point (M on sketch-map P1080) on the said farm.

## SCHEDULE II

From a point (H on sketch-map P1080) on main road 64 on the farm Okombahe Reserve 139 generally southwards across the farm Okombahe Reserve 139 to a point (I on sketch-map P1080) on the said farm; thence generally south-westwards and more eastwards across the farm Okombahe Reserve 139 to a point (J on sketch-map P1080) on the said farm; thence generally eastwards across the farm Okombahe Reserve 139 to a point (C on sketch-map P1080) on district road 2306 on the said farm.

## SCHEDULE III

### DESCRIPTION OF ROAD

The road described as district road 2305 in Schedule III of Proclamation 23 of 1955 and by Proclamation 6 of 1963.

### PORTION CLOSED

The whole.

## BYLAE I

Van 'n punt (K op sketskaart P1080) op distrikspad 2306 op die plaas Okombahe Reserve 139 algemeen suidwaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (M op sketskaart P1080) op genoemde plaas.

## BYLAE II

Van 'n punt (H op sketskaart P1080) op grootpad 64 op die plaas Okombahe Reserve 139 algemeen suidwaarts oor die plaas Okombahe Reserve 139 tot op 'n punt (I op sketskaart P1080) op genoemde plaas; van daar algemeen suidweswaarts en al meer ooswaarts oor die plaas Okombahe Reserve 139 tot op 'n punt (J op sketskaart P1080) op genoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts oor die plaas Okombahe Reserve 139 tot op 'n punt (C op sketskaart P1080) op distrikspad 2306 op genoemde plaas.

## BYLAE III

### BESKRYWING VAN PAD

Die pad beskryf as distrikspad 2305 in Bylae III van Proklamasie 23 van 1955 en by Proklamasie 6 van 1963.

### GEDEELTE GESLUIT

Die hele.

Printed and obtainable from
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK
P.O. Box 2196, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur en verkrygbaar by
SUIDWES-DRUKKERY BEPERK,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika